**9 Februarie**

## Siektes, sondes en genade

**Skrifgedeelte: Matteus 8 1-5**

Matteus 8:1-5 vertel hoe Jesus en sy volgelinge ’n melaatse man teëkom, wat Jesus dan genees van sy melaatsheid en hom wegstuur.

Is ons nie maar almal soos melaatses nie? Waar die man wat by Jesus aangekom het, vol swere was, is ons almal oortrek van die sonde. Sonde wat ons stadig maar seker verteer, en ons sekerlik ook sal doodmaak sonder genesing; nie noodwendig in hierdie lewe nie, maar verseker in die volgende een – wat dit eintlik soveel erger maak.

Hoeveel keer kniel ons nog regtig voor die Here en vra Hom: Here, U weet wie ek is, en wat U beplan met my lewe. Neem nou die sonde, die vuil siekte van my af weg, dat ek kan uitgaan en elke persoon wat op my pad kom, kan vertel wat U vir my gedoen het, dat hulle ook deel kan hê in die vrede en vreugde van u liefde?

Hoe bevredigend kan dit wees om oortrek van sonde te wees sodat dit jou verteer? Gelukkig het ons die troos dat ons weet dat Christus ons liefhet en verseker ons van ons sondes sal verlos. Buig net jou kop stof toe, en vra!!

*Teologiese Student Lohan Linde*